



LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

UIT DIE KANTOOR

"Discipline today, freedom tomorrow."

Anonymous

Ek is bitter lief vir my honde en as gevolg daarvan wil ek die beste vir hulle hê. Hulle moet kan rond hardloop en vry wees soos 'n hond kan wees in die veld sonder 'n leiband. Om daai present vir hulle te gee, moes ek hulle met dissipline grootgemaak het. Hulle moes luister en reg doen en as hulle nie het nie, was daar gevolge. Nou egter, as gevolg van dissipline, en mens kan seker sê selfdissipline ook, is hulle vry en kan hulle veilig wees al is hulle nie met 'n leiband aan my vas nie.

Dit is tog wat ons almal vir ons kinders ook wil hê. Hulle moet eendag sonder ons in die wêreld kan funksioneer, veilig wees en die regte dinge doen sonder dat iemand oor hulle beheer hoef te neem. Dit is hoekom ons, ons kinders met dissipline grootmaak by die huis en by die skool.

Dit is vir my lekker wanneer ons gaste by die skool het of as ons kinders weg was vir sport en toere om by buite mense te hoor dat ons kinders pragtige maniere het en wonderlike dissipline het. Dankie dat ons mekaar se hand kan vat hiermee om so die beste vir ons kinders te kan hê. Sterkte aan elke gesin deur hierdie besige kwartaal. Kom ons vat mekaar se hande en gee Net die beste vir ons kinders.

Pieter de Bruyn



KARAKTERBOU

Ons fokus hierdie jaar op verantwoordelikheid.

Bokkies is verantwoordelik om hul eie klasse skoon te hou. Baie geluk aan die Graad 6'e wat die afgelope twee weke gewys het dat hulle maar mág skoonmaak.

Ons is ook verantwoordelik om maats te help wat minder as ons het. Ouers wat graag wil help met die skryfbehoeftes-projek kan potlode, liniale en ander skryfbehoeftes na juffrou Sumi stuur. Hierdie skryfbehoeftes sal aan 'n buurskool geskenk word.



PERSONEEL

Ons sê baie welkom aan Juffrou Gerrida du Plessis by die Graad R-klas en Juffrou Ilanie du Toit by die Graad 4-klas, waar sy Afrikaans gaan aanbied vir die Intermediêre- en seniorfase.

Dis vir ons lekker om julle hier te hê.

Sterkte vir die kwartaal!



GRONDSLAGFASE UITSTAPPIE



Teken die datum aan.



FOTODAG 2

19 AUGUSTUS (WOENSDAG)

Sport- en kultuurfoto's word geneem. Sorg asb. vir die korrekte klededrag soos gereël deur die afrigters.



SPORT

Wintersportdatums

vir Kwataal 3

- 1 Aug - Bertie Barnard sportdag (w)
- 20 Aug - De Villiers Graaff (w)
- 25 Aug - Laerskool Wynland (w)
- 27 en 28 Aug - Future Charlies Festival (slegs o.11 en o.12 leerders)



KONSERT




Groot opgewondenheid
heers tans in die skool want
almal vertrek eersdaags na
planeet...

KAARTJIES BINNEKORT OP
QUICKET BESIKBAAR




Quicket
a ticketmaster company



KUNS

Baie geluk aan Niël de Wet wat aan
die ATKV DigiKuns kompetisie
deeltneem het in die kategorie
skilderkuns vir 9-12 jariges.
Hy het 'n uitstekende A++ behaal.



PRE GRAAD R



Die Pre Graad R
klas leer meer oor
herwinning! Hier is hulle
items gemaak uit rommel.



AKADEMIE

Die Gr.4's het behoorlik hulle
lippe afgelek tydens 'n PSW
periode waar hulle meer oor
eg Suid-Afrikaanse disse
geleer (en geproe!) het.
Bokkies leer lekker deur
praktiese ervarings!

INLIGTINGSDAG

Graag nooi ons alle Pre
graad R, Graad R en Graad
I ouers van 2027 om ons
inligtingsdag by te woon.

LAERSKOOI KOUÉ BOKKEVELD

Inligtingsdag vir 2027 inskrywings.

**ONE BOOK, ONE PEN, ONE CHILD AND ONE TEACHER
CAN CHANGE THE WORLD.**

Vrydag, 14 Augustus 2026 - Pre R en Gr R om 07.45

Vrydag, 14 Augustus 2026 - Gr I om 08.00

Bevestig u teenwoordigheid by u kind se Juffrou van 2026.

Graad I	Sonja de Jager	083 324 7936
Graad R	Gerrida du Plessis	079 309 1367
Pre Graad R	Hanle Lourens	082 482 4028
Sekretaresse	Zelda Meaker	023 317 0611

Every happy memory created for a child is another treasure of a lifetime.





SUN CITY, JOU TREFFER!

